

22 September

Skrifgedeelte: Matteus 6:25-34

Fokusgedeelte: Matteus 6:31-33

Versorgend gaan ons die toekoms in

Die kerk is 'n huisgesin: God is ons Vader (Matt 6:26) en ons sy kinders (Matt 5:45), en daarom is ons mekaar se broers en susters (Matt 12:50). Die wonderlike waarheid is dat ons toekoms, as kinders van die hemelse Vader, in sy hand is (1 Pet 5:5). Hy beplan en voer die toekoms van sy kinders uit.

Daarom dat Jesus ons in Matteus 6 oproep om ons nie oor die toekoms te bekommer nie. Die wonderlike troos uit Matteus 6 is dat ons as kinders versorgend die toekoms ingaan. Die moeilike om soms te verstaan en te aanvaar, is dié *hóé* van sy sorg. In Matteus 6:32 troos die Here ons deur vir ons daarop te wys dat *Hy wéét* wat ons *nódig* het. Hy ken vandag en Hy ken die toekoms.

Die klem is: Hy weet wat nodig is. Die hemelse Vader weet wat, wanneer, hoeveel en hoe ons nodig het. Ons dink ons weet wat ons nodig het, maar ongelukkig weet ons beslis nie alles nie. Ons weet ook nie altyd wat is reg en goed vir ons nie. Maar as almagtige versorgende Vader weet Hy wat ons nodig het.

Bloot omdat God weet, meer weet, moet ons nooit twyfel in sy toekoms vir my en jou nie.

Sing: Psalm 94:4 (2001)

Dr AL Rheeder (Wesrand)